POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

JAARVERSLAG 2023

Potchefstroom Gimnasium het in 2023 weer eens baie seën uit die Vaderhand ontvang. Die skool het vele hoogtepunte beleef en verskeie uitsonderlike prestasies ingepalm. Tog was die grootste suksesse gesetel in die groei, vordering en volwassewording wat in ons leerders waarneembaar was. Ons leerders het hard gewerk om hulself op allerlei terreine te verbeter, hul het hul Godgegewe talente uitgeleef, vaardighede bemeester en ‘n positiewe verskil in ons skool gemaak, en dit was ‘n voorreg om die pad saam met hulle te stap. Ons onderwysers het weer eens die genot van onderwys gesmaak. Die vaardigheid van onderwysers om leerders, elkeen met sy of haar unieke talente, saam te snoer en te motiveer om die onmoontlike op akademiese- en buitekurrikulêre gebied reg te kry, was verblydend. Vanjaar het die huidige Gimmies ook gevolg in die voetspore van die afgelope 116 jaar se oud-Gimmies in die vestiging van tradisies en die groei in Gimmie-ervarings.

By Potchefstroom Gimnasium deel ons die siening van Brian Herbert in sy beskrywing van die leerervaring: “...die kapasiteit om te leer is 'n gawe, die vermoë om te leer is 'n vaardigheid, die gewilligheid om te leer is 'n keuse”. Gewilligheid van Gimmie-leerders om te leer, het vanjaar opnuut hierdie siening in die praktyk laat vergestalt. Ouers en onderwysers kon deel in hierdie groeigeleentheid van ons leerders. Mag elke Gimmie toenemend die waarde daarvan om ‘n lewenslange leerder te wees, insien; ‘n leerder van die lewe bly en besef dat die doel van leer nie die versameling van kennis is nie, maar eerder die groei en verbetering van die self. Sodoende sal Potchefstroom Gimnasium toenemend uitstyg as ‘n instansie wat nie alleen vir opvoedende onderwys in Afrikaans staan nie, maar leerders vir die toekoms bemagtig.

Ek bedank graag ons ouergemeenskap vir u toegewyde ondersteuning en voorbidding. Graag spreek ek ook ‘n woord van dank teenoor die Beheerliggaam, onder leiding van mnr. Japie van Zyl, uit vir ure se beplanning, insette en harde werk om die skool ‘n plek te maak waar alle leerders hulle beste potensiaal kan bereik. Baie dankie ook aan ons onderwysers vir hul onverpooste klipharde werk, ekstra moeite en omgee vir ons leerders – u insette mag nie gering geskat word nie. Hierdie ondersteuningsbasis, bestaande uit die ouers, onderwysers en die gemeenskap, het die grondslag gelê vir ons leerders om hul Godgegewe talente uit te leef en die skool van krag tot krag te laat gaan. Aan Hom al die eer vir ‘n suksesvolle 2023.

1. INFRASTRUKTUUR

Geboue

Deurlopende verbeterings en noodsaaklike instandhouding is gedoen. Die saal se beligting is verbeter sodat beurtkrag geen invloed sou hê gedurende eksamentye of wanneer funksies in die saal gehou word nie. ’n Kragopwekker wat die skool, en later die koshuise, van krag kan voorsien, is aangekoop. Die klankstelsel in die saal se sagteware is opgedateer en gebreekte teëls is vervang.

Drie stelle trappe is geteël, klaskamers is uitgeverf waar nodig en alle lugversorgers is gediens.

Die personeelkamer se dak is herstel en ‘n nuwe projektorskerm is aangebring.

Skoolterrein

Vier hooftennisbane is oorgedoen en ’n nuwe palissade is langs die netbalbane opgerig.

Die visdam het ‘n gedaanteverwisseling ondergaan en staan nou as Voetspoor bekend. Die verwer verf tans die palissade om die skool.

Aandag word aan die nuwe op- en aflaaiarea vir leerders gegee. Die hekstelsels is met beter tegnologie vervang.

Tuine
Heelwat veranderings is aan die skool se tuine aangebring en dit lyk werklik baie mooi.

Die fokus was om meer inheemse plante, wat ook seisoenale blomme dra, aan te plant.

Mooivallei
Voorbereiding en instandhouding van die velde was hoog op die prioriteitslys. Met die hulp van ouers en BL-lede is daar weer kunsmis op die velde gestrooi. Snoeiwerk aan bome word deurlopend gedoen.

Die pawiljoen en huidige palissades is geverf, nuwe ligte is op die pawiljoen se dak aangebring en ‘n solarstelsel is by die bestaande hekmotor gevoeg. Die elektrisiteit in die saal is opgegradeer.

2. AKADEMIE

2.1. Matriekuitslae 2022

Die matrieks van 2022 het weer puik presteer. 84,4% slaag met universiteitsvrystelling en 202 vakonderskeidings word behaal. Die gemiddelde persentasie van die graad 12’s was 65,6%.

Vakonderskeidings

Agt A’s	Amira Willighagen, Wikus Liebenberg
Sewe A’s	Nathan Brunette, Mia-Bi Hamilton-Attwell, Philip Human, Kayla Koekemoer, Laura Kruger, Reinhardt Röntgen
Ses A’s	Jan-Hendrik Botha, Selma Kotzé, Ané Massyn
Vyf A’s	2 kandidate
Vier A’s	8 kandidate

2.2. Wiskunde-olimpiade

Nege en dertig leerders neem aan ronde 1 van die Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade deel. Negentien seniors en sewe juniors dring na ronde 2 deur.

2.3. Wiskunde-akademie

Die Wiskunde-Akademie, wat vanjaar gestig is, het regdeur die jaar ekstra ondersteuning aan baie leerders gebied. Dit is egter nog in ‘n groeifase en die formaat gaan in 2024 verander word vir beter effektiwiteit.

2.4. Proverto nasionale hoërskole-olimpiade

Proverto bied in 2023 ‘n nasionale olimpiade vir gr. 10-12 Rekeningkunde-, Besigheidstudies- en Ekonomie-leerders aan. Hierdie olimpiade is baie uitdagend, maar vyf en twintig Gimmies het deelgeneem en baie goed gevaar. Sewentien dring na die tweede ronde deur. Mariné Jacobs, ‘n graad 11-leerder, het die beste gevaar tydens die tweede ronde. Sy behaal 80% vir Rekeningkunde.

2.5. Besigheidsimulasie

Mentorvennoot het weer Gimmie-spanne geborg om deel te neem aan die Lugdiens-simulasie-uitdaging. Agt en twintig graad 10’s en -11’s, wat Besigheidstudies neem, is in vier groepe verdeel en hulle moes strategiese planne maak om die Kasjiengville-besigheid winsgewend te maak. Die span *Worldway Airways* wen en word na die

nasionale finaal uitgenooi. Riani Maré, Sunél Steyn, Rhowan Kapp, JF Deysel, Chelsea de Wee en Deidré Olivier was in dié span en hulle eindig tweede.

2.6. Afrikaans-olimpiade

Die Afrikaans-olimpiade is met groot welslae aangebied. Beide die juniors en seniors het die olimpiade aanlyn gedoen. In die senior olimpiade eindig ses Gimmies onder die top 20 in Noordwes.

2.7. Wetenskap-olimpiade

Leerders neem aan die nasionale Wetenskap-olimpiade, wat slegs in Engels geskryf kan word, deel.

2.8. Akademiese toer

Die toptientoer is ‘n jaarlikse uitstappie vir die toppresterende gr. 8- tot 11-leerders. Vier en sestig leerders het vanjaar se toer meegemaak.

Die toer het met ‘n heerlike middagete in Clarens begin. Die leerders het by Drakensville, ‘n ATKV-oord in die Drakensberge, gebly. Die naweek was propvol opwindende aktiwiteite soos *canopy tours*, ‘n besoek aan ‘n *Burger factory* en staptoer op die *Rainbow gorge*-roete. Die leerders kon by die oord swem en ontspan.

3. KULTUUR

3.1. Uitvoerende Kunste

Die Gimmie-kamerkoor en -ensemblegroepe oefen weekliks.

Groep- en individuele items word vir die Gimmie-Eisteddfod sowel as die nasionale Allegretto-Eisteddfod, ingeskryf. Vanjaar is Gimmies weer as kultuurskool van die jaar aangewys.

Die Dans-, Drama- en Kuns-Akademie skep eindelose geleenthede vir Gimmie-leerders om talente te ontdek en beoefen.

Kabarette en projekte soos die Somerkersfees Soirée is gewild en vanjaar weer suksesvol aangebied.

Die Mnr. en Mej. Gimmie-geleentheid was weer ‘n hoogtepunt op die Gimmie-kalender en leerders is die kans gegun om hul kreatiwiteit en innoverende choreografie ten toon te stel.

3.2. Dans-Akademie

Die Dans-Akademie het een Hip Hop-groep, twee kontemporêre groepe en een choreografie-groep wat self hulle danse gechoreografeer het. Ons ervare en oud-Gimmie dansafrigter, Anchenique Papenfus, se harde werk word met puik prestasies beloon.

Die groepe neem aan die Gimmie-Eisteddfod, die *Gimmies Got Talent*-produksie en die nasionale Allegretto-Eisteddfod deel. Een kontemporêre dansgroep dring na die Gala-aand deur en ontvang ‘n trofee vir die beste kontemporêre dansgroep in die land.

3.3. Dramaklub

Die dramaklub het gedurende die eerste drie kwartale twee keer ’n maand bymekaargekom. Hierdie byeenkomste is vir Gimmie-leerders wat in die dramawêreld belangstel. Tydens hierdie geleenthede is filmmusiek bespreek, ’n akteur van

Binneland het hulle besoek, leerders het self ’n toneelstuk geskryf en ’n kortfilm is vir bemarking gemaak.

Dramaklasse
Gimmie-leerders het Maandae tot Donderdae gratis formele drama-afrigting gehad. Leerders is ook tydens hierdie klasse voorberei om aan verskillende Eisteddfods en die Kultuurweek deel te neem.

3.4. Toneel

Gimmies se toneel het vanjaar onder leiding van prof. Pierre-André Viviers, die regisseur, uitstekende prestasies behaal. Die toneel, *Jutro* (wat vertaal kan word as “tot wedersiens”), is as naaswenner by Aardklop Pronk Podium se Waterkloof-week aangewys. Etienne Dannhauser en Nerica Kruger is ook hier as akteur en aktrise van die week aangewys. Lara Maartens word deur die ATKV as die beste verhoogbestuurder by Gauteng Week 1 Streeksfees gekroon en Karla van Wyk en Zene van der Mescht as beste klankoperateurs. Louis Combrink en Antoinette de Lange ontvang goue sertifikate vir beligtingoperateurs.

3.5. Vlekvry

Vlekvry het 'n baie suksesvolle jaar gehad. Daar is elke Woensdag Vlekvry-byeenkomste gehou waar jeugbedieningspanne die leerders toegespreek en bemoedig het. Daar was heelwat groei in getalle in die byeenkomste.

Die behoefte vir 'n aparte seuns- en meisiesgroep het ontstaan en dit het gelei tot 'n geleentheid waar meisies op Dinsdae en seuns op Donderdae vergader het.

Verskeie *praise & worship*-geleenthede is gehou asook ‘n jaarlikse jeugkamp in die Oktober-vakansie.

Vlekvry hoop vir baie nuwe aksies in 2024 en die jeugleiers is alreeds besig met nuwe temas en idees. Mag Vlekvry die plek bly waar leerders die geleentheid kry om saam met ander gelowiges hulle liefde vir God en mekaar uitleef en waar hul kan groei in hul verhouding met Hom wat die Lig in ons lewens is.

3.6. Sasima-skoolkoerant

Die Sasima is Potchefstroom Gimnasium se amptelike skoolkoerant. Die leerders kry die geleentheid om kennis te maak met joernalistiek en fotografie. Daar is vyftien redaksielede wat self onderhoude voer, berigte skryf en foto’s neem.

Gedurende 2023 het die redaksielede twee opleidingsessies oor die skryf van berigte bygewoon. Die fotograwe het ’n kort fotografiekursus bygewoon.

Die Sasima verskyn in Julie en Desember. Julie-maand het ons vir die eerste keer ’n elektroniese weergawe uitgestuur. In November word die Sasima as die naasbeste digitale koerant in die land aangewys. ‘n Gedrukte weergawe sal weer in Desember versprei word.

3.7. Debat

Die debatspanne neem aan die ATKV- en Con Spirito-kompetisie deel. Die juniors en seniors het hulle stemme dik gemaak oor kontroversiële onderwerpe. Die Con Spirito-debatskompetisie was ‘n eerste vir ons debatteerders en ons een seniorspan dring na die semifinaal deur.

3.8. ATKVonk

ATKVonk is Gimmies se ATKV-jeugtak. Die jeug organiseer projekte wat die Afrikaanse taal bevorder en lewer ook ’n diens aan die gemeenskap. ATKVonk het die jaar met ’n Woordwarrel-idiomekompetisie tussen die verskillende graadgroepe afgeskop. Dié idiomekompetisie het ook ’n afdeling van die Gimmies-Eisteddfod geword en ons het tydens die Gimmie-Volkie-kragmeting ook teen Volkies gekompeteer.

Die ATKVonk-lede het in September geskenkpakkies aan Gimmies se personeel gegee om hulle te bemoedig vir die nuwe kwartaal wat voorlê. Ons Hulde-ouetehuis is twee keer besoek. ’n Musiekprogram is uitgevoer en leerders het Kersliedere saam met bejaardes gesing. Leerders het ook bordspeletjies en legkaarte vir die ouetehuis geskenk.

3.9. Valbal

Aan die begin van die jaar blom die liefde veral teen 14 Februarie. Hierdie jaar is al die kaartjies uitverkoop en die Valentynsbal het letterlik uit sy nate gebars. Crista Galli was die ideale plek vir dié feestelike geleentheid. Almal het baie lekker gedans en gesmul aan heerlike kos.

4. SPORT

4.1. Netbal

In die NWU-Prestige-Sportreeks eindig Gimmies algeheel vierde. Die o.16A- en -B-span wen ‘n silwermedalje en die derde netbalspan ‘n bronsmedalje. Tien dogters word vir Noordwes-spanne gekies.

Op 3 Junie neem die A-spanne aan die Noordwes-dag in Klerksdorp deel en die o.14A- en o.15A-span eindig derde, die o.16A-span is wenners en die eerste netbalspan eindig ook derde. Drie van die spanne neem aan die *SA School’s Championships* deel. Die o.14A-span eindig elfde, o.16A sewende en die eerstespan agtste.

Gimmies se o.15- en o.17-*fast five* netbalspanne was Noordwes-wenners en die o.17’s eindig tweede by die Suid-Afrikaanse toernooi.

Gimmies se netbal is kerngesond met goeie en toegewyde afrigters wat kursusse bywoon en hulself toerus met die nuutste afrigtingstegnieke.

4.2. Hokkie

Dogters

Tydens die NWU-Prestige-Sportreeks verower die o.14A-span goud, die 1ste span silwer, die o.15A- en o.16B-span brons en die res van die spanne eindig onder die top 8. Al die spanne kwalifiseer vir die A-afdeling van die Noordvaal-kompetisie en eindig onder die top agt.

Sewe van die agt dogterspanne tree as wenners uit die Platinum-liga: o.14A, o.14B, o.15A, o.16A, o.16B, 1ste en 2de span. Die o.15B-span eindig as naaswenner.

Gimmies lewer ook sestien Noordwes-spelers op wat die provinsie by verskeie toernooie verteenwoordig. Irene Strydom word tydens die toernooi vir die SA o.18B-oefengroep gekies.

Seuns

Twee spanne het aan die NWU-Prestige-Sportreeks deelgeneem. Die o.16A-hokkiespan wen die reeks.

Al drie die A-spanne wen hulle liga en dring na die A-afdeling van die Noordvaal-toernooi deur. Hier behaal Gimmies uitstekende uitslae. Die eerste seunshokkiespan eindig derde en die o.14- en o.16-span was naaswenners.

Gimmies word as beste skool by die Noordvaal-toernooi gekroon.

Dertien spelers word vir Noordwes-spanne gekies.

4.3. Rugby

Gimmies neem vanjaar aan die Noordwes grootskole-liga deel en al ons A-spanne dring na die Noordvaal grootskole-liga deur. Die o.14A-span sowel die eerste rugbyspan het in die semifinaal gespeel en die o.15A-span in die kwartfinaal. Gimmies neem aan die Leeus grootskole-liga, die Luiperds grootskole-liga en verskeie vriendskaplike wedstryde, onder andere teen Paarl Gimnasium, Pietersburg Hoërskool, Hoërskool Trio in Kroonstad en Hoër Volkskool, deel.

Rugby spog vanjaar met vyf Noordwes-spelers.

4.4. Tennis

By die NWU-Prestige-Sportreeks wen die juniorspan die reeks en die seniors eindig vierde. Die skool eindig dus eerste in dié reeks.

Een juniorspan neem aan die Sun City Menlo Mixit-tennistoernooi deel en ons dogterspan word vir die eerste keer na die Gerrie Berner-dogterstoernooi in die Paarl uitgenooi en eindig vyfde. Ons o.15-seuns en -dogters speel by die onderskeie Affies-toernooie in Pretoria en presteer baie goed.

Tien spanne speel in die Noordwes-liga. Die eerste- en tweede seun- en dogterspan en die vyfde dogterspan wen die liga. Die ander spanne is wenners van die Potchefstroom-streek en die dogters vorder tot by die finaal van die uitspele.

Ses leerders verwerf Noordwes-kleure. Jahnie van Zyl presteer uitsonderlik in die ITF- en ander internasionale tennistoernooie. Sy verwerf SA kleure in tennis en is tans die nr. 1 o.14-speler in Afrika.

4.5. Atletiek

Die seisoen skop in Januarie met ‘n goeie oefenkamp af. Gimmies wen die Tuks Top tien-kompetisie vir grootskole, asook die Noordwes-Interhoër. Elf atlete neem aan die Suid-Afrikaanse skolekampioenskappe deel en negentien aan die ASA-atletiekkampioenskappe.

Gimmies wen die B-afdeling by die Superinterhoër en skuif in 2024 na die A-afdeling.

4.6. Landloop

Landloop gaan van krag tot krag in 2023. Hierdie groepie van ongeveer twintig atlete neem gedurende die seisoen aan ‘n aantal ligas deel en uiteindelik word sewentien in die Noordwes-landloopspan opgeneem wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelneem. By die Noordwes-kampioenskappe kom vyf atlete eerste en een derde.

By die NWU-Prestige-Sportreeks eindig ons derde. Die seniorseuns-aflosspan verwerf ‘n bronsmedalje by die Menlopark-aflos waar topskole deelneem.

4.7. Luggeweerskiet

Die skuts neem aan ses ligas deel. Hulle word op grond van die uitslag van die beste drie ligas na die provinsiale proewe genooi en vyftien van ons skuts neem aan dié proewe deel. Van hierdie vyftien word agt gekies om aan die nasionale kampioenskappe deel te neem.

4.8. Gholf

Gimmies het vanjaar 'n o.15A- en o.15B-span en vier oop spanne. Die spanne het aan twee ligas deelgeneem en daarna aan die jaarlikse Sun City-toernooi.

Die Gholf-Akademie is goed op dreef en spelers kry reeds privaat afrigting. Ons is opgewonde oor die setperk wat volgende jaar klaar sal wees.

4.9. Skaak

By die NWU-Prestige-Sportreeks wen die juniorspan en die seniorspan kom derde. Gimmies word weer as die algehele wenner van die reeks aangewys. (Geen skoleliga vind plaas nie.)

Dewald Coetsee neem aan die aanlyn SA Geslote *Rapid*-kampioenskappe deel en eindig algeheel vierde. Gedurende die April-vakansie neem hy aan die SA Geslote-kampioenskappe deel en eindig onder die top 10. Hy is een van agt spelers wat uitgenooi is om Suid-Afrika by die o.16 Wêreldjeug-olimpiade in Eindhoven, Nederland, te verteenwoordig waar hy sterk kompetisie het. Hy wen vier rondes, speel een gelykop en verloor drie. Hy word ook na Tshwane se geslote Ettiene Lewis Prestige-toernooi uitgenooi waar hy al sewe sy rondes wen en as speler van die toernooi aangewys word.

4.10. Krieket

Dogters

Dogterskrieket het hierdie jaar voorwaar goed presteer. Anica Swart en Elandri Janse van Rensburg is vir die Protea-span gekies wat aan die Vrouewêreldbekertoernooi deelgeneem het. Anica Swart, Elandri Janse van Rensburg, Deidré van Rensburg en Tlotlo Bogatsu is ook vir die Noordwes Senior Dragons-span gekies. Die span is naaswenners by die Noordvaal-toernooi.

Verskeie dogters word in Noordwes-skoolspanne opgeneem.

Ons het baie diepte by ons dogterskrieket en goeie afrigting verseker dat die dogters hulle talente kan ontwikkel en hul potensiaal bereik.

Seuns

Gimmies se seunskrieketspanne het baie goed gevaar. Ons o.15- en eerste krieketspan toer Kaap toe en ons tweede span Durban toe. Ons eindig algeheel tweede in die Finsbury-liga. Ons eerstespan wen die Noordwes T20-liga en ons o.15A-span wen die Noordwes-liga. Albei spanne kwalifiseer vir Noordvaal. Die eerstespan haal die semifinaal en die o.15's verloor met een lopie in die kwartfinaal teen Garsfontein.

Ons krieketspanne speel interskole-wedstryde teen Grey College, Affies, Paarl Gimnasium, Paul Roos Gimnasium en Garsfontein. Tien van ons seuns het in Noordwes-spanne gespeel.

4.11. Swem

Ons swemmers het die jaar met baie gees by die Interhuis-swemgala afgeskop. Dit is hier waar ons die nuwe Chad's en Tatjana's kon identifiseer wat op die ou end gehelp het dat ons weer die Noordwes Interskole-gala wen. Ons het vir die eerste keer aan die Tshwane-superinterskole-gala deelgeneem.

Chazél Orton het 'n uitsonderlike jaar beleef deur op die Suid-Afrikaanse Top 3-swemranglys te eindig.

Linique Rowles het ook met Lewensredding haar staal in Kanada gewys en sy verower 'n paar podiumplekke.

Ons swemmers het 'n uitstekende jaar beleef met seuns en dogters wat by verskeie galas as wenners gekroon is en 'n hele klomp nuwe rekords by verskillende kampioenskappe opgestel het.

4.12. Muurbal

Gimmies het vanjaar vier spanne vir die Potchefstroom Hoërskole-muurballiga ingeskryf. Ons Gemengde A-span is die wenners van die A-liga.

Bianke Pienaar is die o.19 SACD-span se nr.1 speler by die SA's, sy eindig onder die Top 10 by die SA skole geslote-toernooi en word gekies om in Desember in Maleisië en Singapoer te gaan deelneem.

4.13. Fietsry

Reuben Jonker verwerf Noordwes-kleure vir bergfietsry.

4.14. Kragmetings

Paarl-toer

Dié toer was 'n ongelooflike ervaring vir ons sportleerders. Nie minder as 300 rugby-, hokkie-, netbal- en tennisspelers het die langpad aangedurf om teen Paarl Gim kragte te meet. Blootstelling aan een van die beste skole in die land het Gimmies se horisonne verbreed.

Gimmie-Volkie

Dit was 'n uiters suksesvolle Gimmie-Volkie-week waar ons op verskeie fronte gekompeteer het, die Kunste was vanjaar deel van die kragmeting. Op die sportvelde het Gimmies 23 van die 28 wedstryde gewen. Gimmies se 1ste rugby-, netbal-, dogters- en seunshokkiespan het ook geseëvier.

4.15. GSOK

Vanjaar het GSOK 160 ingeskrewe lede en 22 besighede. Die volgende projekte is aangepak:

- Fondsinsameling: GSOK-Gholfdag, Valbal vir volwassenes
- Aankoop van vier nuwe gazebo's, *Arch,* drie nuwe gazebo-dakkies
- Herstel van geskeurde gazebo's
- 3 nuwe *pullups* vir atletiek, krieket, tennis
- Nuwe toerusting vir die GimGym
- 5 leerders kry insentiewe vir Protea-kleure en deelname aan internasionale byeenkomste
- Brei 3D-webtuiste uit
- Sosiale bemarkingsinstansie – *Climbing Venus* se werk verdubbel
- Verwer aangestel vir onderhoud van sportfasiliteite en geboue

- Borg watergat by Gimmie-Gholfdag
- Gebottelde water vir al die sportsoorte
- Finansiële bydrae vir die behandeling van ‘n beseerde hokkiespeler
- Stigting van GSOK Pienaar Brand-hulpfonds met duidelike riglyne
- R245 000 toedelingsfondse na sportsoorte
- Nuwe kantoor in gebruik geneem
- Aankoop van 1000 vlaggies vir groot bemarkingsgeleenthede en gebruik by Gimmie-Volkie en Wêreldbekernetbal
- Bemarking by 3 reünies
- Groot borgskap vir atletiek se gala-aand

Dankie aan elke GSOK-ondersteuner vir u bydrae om bogenoemde te laat realiseer.

5. OPEDAG

Die Opedag is op 17 Mei gehou. Graad 7-ouers en -leerders kon vooraf die koshuise besoek. Die doel van dié aand was om op ‘n prettige manier die skool vir voornemende Gimmies te wys en om hulle opgewonde te maak oor hulle hoërskoolloopbaan. Terwyl graad 7’s deur die Gimmieraad en personeel besig gehou is, het die hoof die ouers toegespreek en daarna het hulle gesellig gekuier. Ouers het ook die geleentheid gehad om op ’n begeleide toer deur die skool te stap. Daar was verskillende sport- en kultuurstalletjies. Die voornemende Gimmies is met eet- en drinkgoed bederf, maar die fotohoekie, met die roterende kamera, was ‘n groot trekpleister. Hulle het die aand met ‘n *flash mob*-dansvertoning vir hul ouers afgesluit.

Op Vrydag 13 Oktober was daar ’n Inligtingsaand vir graad 7’s wat reeds vir 2024 ingeskryf het. Die voornemende graad 8’s het die skool met behulp van ’n skattejag verken. Die ouers, voornemende Gimmies en personeel het heerlik gekuier na die tyd. Ons sien met afwagting uit na ’n oulike groep graad 8’s wat volgende jaar deel van die Gimmie-familie gaan word.

6. KOSHUISSAKE

Ons koshuise was in 2023 bedrywig. Cachet het vanjaar 110 inwonende leerders gehad en Brandwag 105. Vakansietye is toergroepe gehuisves.

Opknappingswerk is deurgaans aan die gange in die koshuise gedoen, die voorportale is opgeknap, nuwe plaveisel is voor die hoofhek gelê en ‘n nuwe waghuisie is opgerig. ‘n Addisionele kragopwekker is vir die kombuis aangekoop en gasbraaiers en oonde is aangeskaf. Tradisies soos die Valentynsontbyt, koshuisdinee en ander aksies bly hoogtepunte op die kalender. Strenger maatreëls is toegepas om die dissiplinêre kode te versterk en sodoende die veiligheid van die leerders te verseker.

Ons bedank ons ouers vir hul volgehoue ondersteuning met projekte en skenkings.

7. FINANSIES

Tydens die begrotingsvergadering in November 2023 is die skoolgelde vir 2024 vasgestel. Die skoolgeld vir graad 8-12 is R25 760 en die koshuisgeld R36 900.

8. PERSONEELAANGELEENTHEDE

Ons groet me. Erika Campbell wat die einde van haar onderwysloopbaan bereik het en dus aftree. Ons dank haar vir haar jarelange insette om ons skool te help vorm. Ons groet ook vir me. Zandri Swartz wat ons vir ‘n halfjaar in die Afrikaans-departement uithelp het.

Ons verwelkom nuwe personeel wat in 2024 by ons aansluit: juff. Julia de Beer (Eng. HL), Antonique Kriel (Eng. FAL, Afr. HT), Johanné Fourie (LO), Nelmari van Tonder (RTT) en Maryke Coetzee (LO). Ons wens is dat hierdie nuwe personeel as momentumskeppers sal meehelp dat ons ons drome en doelwitte kan bereik.

9. OMGEE-PROJEKTE

Aan die begin van die winter is komberse vir Huis Hebron ingesamel. In die tweede kwartaal is ouetehuise en kleuterskole besoek en kleuters en oumense is met allerlei items bederf. Gedurende die derde kwartaal is blikkieskos ingesamel wat aan *Gift of the Givers* gegee is om aan behoeftige gesinne te versprei. Die vierde kwartaal is skryfbehoeftes en boeke ingesamel wat aan behoeftige skole gegee is.

Ons wil ons opregte dank teenoor elke Gimmie-ouer uitspreek wat bereid was om, ten spyte van moeilike ekonomiese omstandighede, by te dra vir bogenoemde projekte.

10. TEN SLOTTE

Wanneer ons terugkyk, sien ons duidelik hoe die Here ons hand vasgehou het en ons gelei het deur die jaar. Daar is ook tye waar die enkel ry spore daarop dui dat Hy ons gedra het deur die moeilike tye. Aan Hom al die eer vir ‘n uiters suksesvolle 2023.

Ons kyk egter ook in alle nederigheid, maar met groot afwagting vorentoe na 2024. Mag ons kollektiewe strewe na verbetering die rigtingwyser vir ons almal wees om die skool van krag tot krag te laat gaan. Ons nooi u uit om deel te raak van ons drome vir die skool in 2024.

FW van der Merwe
Skoolhoof